Verwysing: 20210208-862
Lêerno.: 13/10/1/2
Navrae: Distriksassesseringskoördineerders

Kurrikulum- en assesseringsbestuursminuut: 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: Gewysigde tydraamwerke vir assesseringsbestuur in 2021

1. Hierdie minuut kondig die gewysigde datums weens die gewysigde skoolkalender as gevolg van die COVID-19-pandemie vir die appelleringsproses, aansoeke om assesseringsakkommodasies en vakveranderinge vir 2021 aan.

1.1 **BESTUUR VAN APPÈLLE IN 2021**		
PROVINSIALE KOMMUNIKASIE	**AKTIWITEIT**	**GEWYSIGDE DATUMS**
Omsendbrief 0028/2011 van 28 November 2011 en Assesseringsbestuursminuut 0014/2016 van 17 November 2016 beskryf die proses wat gevolg moet word as ouers of voogde appèl teen die vorderings- of bevorderingsuitslae van hulle kind wil aanteken.	Sluitingsdatum vir ouers om appèl aan te teken teen die vorderings-/bevorderingsuitslag van hulle kind.	**19 Februarie 2021**
	Prinsipaal dra die uitslag van die appèl skriftelik aan die ouers oor.	**26 Februarie 2021**
	Skool verskaf 'n register van appèlle aan die kringbestuurder	**02 Maart 2021**
	Sluitingsdatum vir ouers wat ontevrede is met die uitslag van die appèl wat by die skool aangeteken is om appèl by die distriksdirekteur aan te teken.	**03 Maart 2021**
	Alle appèlle vir bevorderingsdoeleindes (graad 1–11) moet deur distrikte afgehandel wees.	**17 Maart 2021**

1.2 **BESTUUR VAN ASSESSERINGSAKKOMMODASIES IN 2021**		
PROVINSIALE KOMMUNIKASIE	**AKTIWITEIT**	**GEWYSIGDE DATUMS**
Omsendbrief 0017/2016 van 19 April 2016, Assesseringsbestuursminuut 0005/2017 van 16 Maart 2017 en Assesseringsbestuursminuut 0001/2019 van 28 Januarie 2019 verskaf riglyne vir die bestuur van assesseringsakkommodasies/konsessies vir graad R–12-leerders wat leer- en assesseringshindernisse ondervind, en vir graad 4–12-leerders wat immigrantstatus vir assesseringsdoeleindes versoek.	**Aansoeke om assesseringsakkommodasies en aangepaste vraestelle:** • Graad R–9 op skool- en distriksvlak. • Graad 10–11: Moet in die leerder se graad 10/11-jaar op SOBIS aangeteken word. **(Geen nuwe aansoeke sal in graad 12 aanvaar word nie).**	**Deurlopend** **Oktober 2021**
	Appèlle vir graad 10 tot 11.	**November 2021**
	Bevestiging van alle aangepaste behoeftes in gevalle van aangepaste vraestelle en hulptoestelle (bv. braille, groot lettertipe, oudiobande, ens.) vir leerders met spesiale behoeftes, wat spesiaal deur die Departement van Basiese Onderwys bestel moet word.	**26 Maart 2021**

1.3 **SLUITINGSDATUMS VIR VAKVERANDERINGS IN 2021**		
PROVINSIALE KOMMUNIKASIE	**AKTIWITEIT**	**GEWYSIGDE DATUMS**
Omsendbrief 0028/2016 van 30 Julie 2016 en Assesseringsbestuursminuut 0018/2018 van 06 Desember 2018 het skole ingelig oor die bestuur en administrasie van vakveranderings in graad 10, 11 en 12.	**Graad 12**-vakveranderings op SOBIS verwerk.	**26 Februarie 2021**
	Graad 11-vakveranderings (hoogstens twee vakke) op SOBIS verwerk.	**14 Mei 2021**
	Graad 10-vakveranderingsaansoeke van ouers (hoogstens twee vakke).	**30 Julie 2021**
	Graad 10-vakveranderings op SOBIS verwerk.	**13 Augustus 2021**

2. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers en ouers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-02-16